

**Corrie Schumann**

# IN MEMORIAM:

## CORNELIA JOHANNA SCHUMANN NÉE DE WAAL
## 8 JANUARIE 1941 – 16 MAART 2022

Corrie Schumann is gebore in Pretoria en matrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria. Sy ontvang haar verdere opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf die BA-graad en SOD met Latyn en Afrikaans as hoofvakke. Sy het reeds as student haar besondere leierskapsvermoë getoon toe sy as primaria van haar koshuis, Huis Monica, gedien het.

Sy onderrig Latyn aan die Hoërskool Oudtshoorn en Kimberley Boys' High gedurende 1963–1965 en beklee in die vroeë 1980's aflosposte by Hoërskool Verwoerdburg, Hoërskool Menlopark en Afrikaanse Hoër Meisieskool. Corrie trou in 1965 met Werner Schumann en vyf kinders is uit die huwelik gebore. Werner sterf in 1990 aan breinkanker en Corrie lê haar daarna met nog groter toewyding toe op die bevordering van Latyn en die Klassieke.

In 1984 word Corrie aangestel as lektrise in die Departement Latyn van die Universiteit van Pretoria waar sy Regslatyn doseer. In 1989 stig sy die *Academia Latina* sentrum en loods 'n hele aantal programme vanuit die sentrum. In 1989 begin sy met *Schola Latina*-klasse op die UP-kampus waartydens laerskooleerlinge namiddae in Latyn onderrig word. In 1990 stel Corrie die *Schola Scripta*-kursus in – 'n Latynkorrespondensiekursus wat deur meer as 2000 leerlinge, studente en volwassenes voltooi is, wat elk 'n sertifikaat van UP verwerf het. Vanaf 1990–1998 reël sy *SPQR*-Latyndae vir hoërskoolleerlinge op die UP-kampus. In totaal het meer as 10 000 leerlinge hierdie spesiale geleenthede, waartydens verskillende kompetisies, opvoerings en uitstallings plaasgevind het, bygewoon. Verskeie ander departemente uit die Geesteswetenskappe asook uit ander fakulteite het aan die verrigtinge deelgeneem. In 1990 publiseer sy 'n artikel in *Akroterion* getiteld *Latinae linguae hereditas gentium* waarin sy 'n herlewing in die studie van Latyn bepleit en inisiatiewe aankondig om hierdie ideaal te verwesenlik. In 1991 word die FLES (Foreign Language Elementary School)-program onder Corrie se leiding ontwikkel en by sekere laer- en hoërskole aangebied. In 1996 neem Corrie saam met Louise Cilliers aan 'n paneelbespreking van die American Philological Association

(APA) in New York deel en lewer ’n referaat met die titel ‘Classics in South Africa: Past, present and new challenges’.

Corrie inisieer in 1998 ’n nuwe kursus in Mediese Terminologie. Die aanvanklike studentegetal van 19 studente in 1998 het baie vinning gegroei en het na 10 jaar die 1000-merk oorgesteek. Die kursus word steeds aan studente van verskeie departemente in die Gesondheidswetenskappe en selfs ander Fakulteite aangebied. Sy is ook ’n mede-outeur van die handboek, *Medical terminology for students of the health professions*. In 1998 tree Corrie in die huwelik met Koot Bosman, wat ook ’n groot bydrae tot die ontwikkeling van die Mediese Terminologiekursus gelewer het.
In 1999 lewer sy ’n referaat met die titel ‘A different approach to Classics in South Africa: The *Schola* Project (*Scripta, Prima, Secunda, Medica*, FLES)’ by die kongres van die American Classical League in Massachusetts. In 2002 reël sy met die finansiële ondersteuning van die Istituto Italiana di Cultura ’n *Festa Romana*. Die fees, met lesings en uitstallings oor die klassieke wêreld, strek oor vier dae en word afgesluit met ’n Romeinse *cena* voor die Ou Lettere-gebou.

Van 2001 tot 2010 het Corrie tien H.W. Snyman *Pro medica*-gedenklesings gereël. By hierdie prestige-geleenthede is die Mediese Terminologiestudente en ander gaste deur gassprekers toegespreek oor onderwerpe met ’n klassiek-historiese strekking. In 2005 lewer sy ’n referaat by die Universiteit van Cambridge, getiteld ‘Medical terminology based on Greek and Latin in modern health care education’. Corrie is mede-outeur van ’n hoofstuk in *Forward with Classics: Classical languages in schools and communities* (ed. Arlene Holmes-Henderson, Steven Hunt & Mai Musié, 2018, London: Bloomsbury) wat na haar aftrede in Junie 2017 verskyn het.

Corrie het verskeie toekennings ontvang wat getuig van die reusebydrae wat sy gelewer het. Sy ontvang in 1999 die Arthur Patch McKinlay Scholarship van die ACL, in 2000 die Silver Chalice Award van Ablemedia, in 2001 ’n toekenning vir uitnemendheid in onderrig en navorsing van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika, en in 2008 ’n Laureaattoekenning vir onderriginnovasie van die Universiteit van Pretoria. In 2013 ontvang sy ’n Besondere Erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns as erkenning van 25 jaar se inisiatiewe, projekte en kursusse om Latyn as vak aan die UP en elders te propageer.

Corrie was baie betrokke by die gemeenskap, by die NG Gemeente Universiteitsoord, by verskillende laerskole, maar veral by die Afrikaanse Hoër Meisieskool, waar sy vanaf 1987–1991 die voorsitter van die bestuursraad was. Sy was ook jare lank ’n aktiewe lid van ’n leeskring en ’n Bybelstudiegroep. Verder was Corrie vir baie jare ’n aktiewe lid van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika en het ook in verskillende portefeuljes op die streeks- en nasionale besture gedien. Haar gemeenskapsdiens het gestrek tot haar betrokkenheid by gevangenisse waar sy die *Schola Scripta*-kursus aangebied het.

Corrie was ’n mense-mens wat ’n verskil gemaak het in die lewens van almal wat haar pad gekruis het. Sy het altyd gestraal van vriendelikheid en hartlikheid en geen uitdaging was ooit vir haar te groot nie. Sy het altyd op die positiewe gefokus en het graag die volgende Latynse woorde aangehaal, wat dikwels op sonwysers voorkom: *Non numero nisi serenas horas* – Ek tel slegs die sonskynure.

Met die heengaan van Corrie het ons ’n kampvegter vir Latyn en die Klassieke verloor, maar ook ’n wonderlike kollega en vriendin.

Koos Kritzinger